
# Die koninkryk...
# NOU!




**Webwerf:**
www.gkbenoni.co.za

**E-pos:**
admin@gkbenoni.co.za

**Adres:**
Miles Sharpstraat 24b,
Rynfield,
Benoni

**Kerkkantoor Tel:**
(011) 849-2054

**Whatsapp:**
063 640 9304

**Predikant:**
Ds. Rynhardt Pretorius
074 944 7769
rynhardt@gkbenoni.co.za


**Eredienstye:**
Oggenddiens: 09:00
Aanddiens: 18:00

Gereformeerde
Kerk Benoni

# INHOUDSOPGAWE

Voorwoord .... 3

1. Die Koninkryk het aangebreek .... 4
   - a. Die reeds en die nog nie van die koninkryk .... 4
   - b. Die koningskap staan vas en dit funksioneer .... 6
   - c. Die Koning se skatkamer .... 8
2. Die Kerk as koninkryk .... 10
   - a. Die koninkryk en jou identiteit .... 10
   - b. Die koninkryk, identiteit en jou ingesteldheid .... 12
   - c. Burgerlike verhoudings .... 14
   - d. Die doel van preke en jou reaksie daarop .... 16
   - e. 'n (Ander) koninkryk wat moet tuimel .... 18
   - f. Gesamentlike aanbidding: Wanneer die kerk vergader .... 20
3. Die Koninkryk van God is visie en missie gedrewe .... 22
   - a. 'n 'Soeker-sensitiewe' vs. 'n 'soeker-bewuste' bediening .... 22
   - b. 'n Doel-gedrewe bediening .... 24
   - c. Dagbreek bediening .... 26
   - d. Koninkrykgedrewenheid maak strategiese kerke .... 28
   - e. Die sleutels van die koninkryk in die hande van dissipels .... 30
4. Gedrewe burgers is toegewyde volgers wat geestelik groei .... 32
   - a. Dissipelskap: Jesus is die model vir toegewyde volgers .... 32
   - b. Persoonlike groei is eie aan Gees vervulde dissipels .... 34
   - c. Die Here gee programme vir dissipels om te groei .... 36
   - d. Groei in groepe deur die werk van die Gees! .... 38
   - e. Gees-gedrewe dissipels is helpers vir die verlorenes .... 40
   - f. Dissipels met hemelse burgerskap het 'uitreik-paspoorte' na die hele wêreld .... 42
   - g. Die koninkryk, dissipelskap en eskatologie .... 44
5. Elke plek het sy donker wolke .... 46
   - a. Dissipels voor die berader se deur .... 46
   - b. Gryp na die Lig wanneer jy wag in die donker .... 48
   - c. Arms oop sodat vreugde kan vloei! .... 50

6. Kenmerkend afhanklik, die koninkryk biddend....52
   a. Dissipels gefokus op die verheerliking van God in totale toewyding aan Hom ...52
   b. Om nou te werk vir wat jy vir eendag begeer....54
   c. Gewillige dienaars wat 'wil' doen....56
   d. Dissipels wat vertrou daar is grond onder jou volgende tree....58
   e. Volgers van die Here wat hulle beywer vir vergifnis....60
   f. Kinders van die Vader binne die sekuriteit van sy roeping....62
7. Koninkryksgelykenisse....64
   a. Getroue burgers van die koninkryk!....64
   b. Fondasie vaste dissipelskap....66
   c. Die graansif van die lewe....68
   d. Gering in geloof, gementorde mentors!....70
8. Die status van die Ryk....72
   a. Die koninkryksrede: 2025 in retrospek en hand na my uitgereik....72
   b. Vernuwe afwagting in aangevuurde toewyding....74
   c. Begin van die begin af!....76

# Voorwoord

Soos ons hierdie jaar fokus om te groei en te verdiep in ons verstaan van die koninkryk van God en hoe dit in Jesus rééds deurgebreek het, het ons verskillende afdelings en temas onder daardie afdelings geïdentifiseer.

Ons sien uit om saam te groei in die behandeling hiervan en weet verseker dat die Here 'n spesiale pad van groei met ons, sy gemeente, hiermee wil stap. Daar is vir ons weeklikse fokus tekste en temas gekies soos wat jy sal sien. Verder is daar by elkeen iets kort geskryf. Hierdie is nie eksegetiese stukke nie, maar bloot inleidende gedagtes om jou eie gedagtes te prikkel soos jy voorberei om die prediking te ontvang. Verder is daar ander tekste wat jy kan bylees, oordink en voorbereid aansluit in ons reis deur 'Die koninkryk nou'.

Mag die Here ons ryklik seën in hierdie reis en ons as dit sy wil is, verryk versterk en toegerus aan die ander kant laat uitkom!

# 1. Die Koninkryk het aangebreek

19

**Januarie**

## a. Die reeds en die nog nie van die koninkryk

**Skrifgedeelte:** Matt. 4:12 - 17

**Teksgedeelte:** Matt. 4:17

**Afdeling:** Die Koninkryk het aangebreek!

Reg deur die Bybel is die koninkryk van God ‘n baie sterk en sentrale tema. Ons sien hoe die Koninkryk ontvou in hoe ons meer en meer daarvan leer en dit uiteindelik op ‘n nuwe manier deurbreek in die koms van Jesus. Die koninkryk neem daarom ook ‘n baie sentrale plek in die verkondiging en bediening van Jesus in.

Die koninkryk van God is die plek waar God regeer/heers. Dus, wanneer Jesus sê dat die koninkryk naby is, bedoel Hy dat sy heerskappy op hande is en dat jy gaan sien hoe God se koninkryk lyk in die lewe en bediening van Jesus. Verder word 'n reaksie verwag wanneer die Koning kom regeer met oproep: ‘Bekeer julle’. 'n Dissipel moet wegdraai van sy ou manier van lewe en die heerskappy van die Koning omhels.

Dus moet jy verstaan die Koninkryk nou reeds gevestig is en die kerklidmate moet nóú reeds as koninkryksburgers leef. Daar is wel verskeie dinge van die koninkryk wat nog moet kom (nog nie). Ons gesels oor die reeds en die nog nie en hoe ons as kerk nou reeds die koninkryk moet leef.

**Lees ook:**

Matt. 12:28 “*Aangesien Ek deur die Gees van God die bose geeste uitdryf, het die koninkryk van God inderdaad tot by julle gekom*”.

Joh. 18:36 – 37 “*Jesus het geantwoord: “My koningskap is nie van hierdie wêreld nie. As my koningskap van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer word nie. Maar nou is my koningskap nie van hierdie wêreld nie.” 37“Is u dan tog 'n koning?” het Pilatus gevra. Jesus antwoord hom: “U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek na die wêreld gekom: om oor die waarheid te getuig. Elkeen wie se bestaan in die waarheid gegrond is, luister na my stem*”.

Dan. 2:44 “*In die tyd van daardie konings sal die God van die hemel 'n koninkryk oprig wat nooit vernietig sal word nie. Hierdie koninkryk sal nie deur 'n ander vervang word nie. Dit sal die ander koninkryk plat trap en vernietig, maar self sal dit vir altyd bestaan*”.

## b. Die koningskap staan vas en dit funksioneer

**26**

**Januarie**

**Skrifgedeelte:** Heb. 1:1 - 14

**Teksgedeelte:** Heb. 1: 3

**Afdeling:** Die Koninkryk het aangebreek!

As mense wat leef onder aardse konings/regeerders is ons uitkyk op regeerders effens skepties. Ons verwag dat hulle sal faal, dat daar omwentelings in regerings sal wees en dat ander partye die heerskappy kan oorneem.

Met die koninkryk van God is daar geen van hierdie dinge nie. Jesus Christus ons Here sit aan die Regterhand van God, dit is die hand van heerskappy. Aan Hom is alle mag in die hemel en op aarde gegee en alles is aan Hom onderhewig. Hy hou deur sy magswoord alles in stand en daar is geen dreigement teen sy Koningskap nie. Hy is ewig die volmaakte Koning.

Terwyl dit ons troos en moedig maak moet ons ook die praktiese implikasies van 'nou reeds leef as koninkryk' besef. Ons moet ons gewillig stel binne die krag van die Gees om diensbaar te wees aan die heerskappy van ons Koning. Ons moet die belange en waardes van hierdie koninkryk hoog op prys stel en in alles die Here verheerlik. Daarom moet ons na die Here luister oor wat die praktyk van hierdie waarheid beteken.

**Lees ook:**

Fil. 2:9 – 11 "*Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader*".

Matt. 28:18 "*Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde*".

Kol. 1:13 "*God het ons uit die mag van die duisternis gered, en verplaas na die koninkryk van sy geliefde Seun*"

## c. Die Koning se skatkamer

**2**

**Februarie**

**Skrifgedeelte:** Matt. 13:51 – 53 (2020-vert)

**Teksgedeelte:** Matt. 13:52

**Afdeling:** Die Koninkryk het aangebreek!

Die woord van die Here is soos 'n onuitputbare goudmyn, hoe dieper jy daarin delf hoe ryker word jy! Dit is waarlik so dat dissipels van Jesus die groot genade gawe van die skatkamer van God ontvang. Hierdie skatkamer is die Bybel wat bestaan uit die Ou en die Nuwe Testament.

Wanneer Jesus die mense roep om hulle te bekeer omdat die koninkryk naby gekom het, dan leer ons daarin dat daar 'n nuwe manier van lewe kom: Die lewe in Jesus wat 'n ewige lewe is. Hierdie Koninkryk lewe word gereël deur die 'grondwet' van die koninkryk, die openbaring van God.

Om in hierdie koninkryk te leef moet ons deur die Woord van die Here geleer en gelei word in die krag van die Heilige Gees. Dit is die nuwe weg en die 'myn' waarin ons die waarheid oor God en onsself ontdek en dit ons ryker maak in ons verhouding met God.

**Lees ook:**

2 Tim. 3:16 – 17 "*Elke Skrifdeel is deur God geïnspireer en is nuttig vir onderrig, weerlegging, teregwysing, en opvoeding om God se wil te gehoorsaam, 17sodat die mens wat aan God behoort, bekwaam kan wees, ten volle toegerus vir elke goeie taak*".

Ps. 19:9 – 11 "*Die bevele van die Here dui die regte koers aan: dit bring blydskap. Die gebod van die Here is helder: dit gee insig. Die eise van die Here vir sy diens is goed: dit staan altyd vas. Die bepalings van die Here is reg: elkeen van hulle is regverdig. Hulle is kosbaarder as goud, selfs as baie goud, soeter as heuning, as druppels uit 'n heuningkoek*".

Ps. 119:72 "*U wet is vir my kosbaarder as 'n oorvloed van goud en silwer*".

# 2. Die Kerk as koninkryk

9

**Februarie**

## a. Die koninkryk en jou identiteit

**Skrifgedeelte:** 2 Kor. 5:11 – 21

**Teksgedeelte:** 2 Kor. 5:17

**Afdeling:** Die kerk as koninkryk

Koninkryk identiteit vra die vraag: wie is ek in die Koning?

Ons identiteit is nie gebaseer op ons prestasies of foute nie, maar op God se ontwerp en doel vir ons, en ons moet daarna streef om hierdie identiteit te verstaan en uit te leef.

In die Koninkryk van God verander alles vir ‘n gelowige. Wanneer ons gelowiges word en Jesus begin volg, word ons heeltemal nuwe mense. Ons identiteit word verander. Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; ou dinge het verbygegaan; kyk, alles het nuut geword. In hierdie nuwe lewe leef dissipels vir die eer van die Koning in die uitbou van sy ryk.

Identiteit bemagtig aktiwiteit. Wanneer jy jou Koninkryk-identiteit ontdek en aanvaar, sal jy die krag en wil ontdek om te leef as wie jy reeds is in die Here. Joh. 14:12 leer Jesus “*Dít verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen*”. Wanneer ons in geloof met die Koning een word en vernuwe word na sy beeld (Kol. 3:10) dan sal ons ook begin om die dinge te doen wat Hy gedoen het, want dit is wie ons in Hom is.

**Lees ook:**

Kol. 3:10 “*en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God*”.

1 Pet. 2:9 “*Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig*”.

## b. Die koninkryk, identiteit en jou ingesteldheid

**16**

**Februarie**

**Skrifgedeelte:** Kol. 3:1 – 16

**Teksgedeelte:** Kol. 3:1

**Afdeling:** Die kerk as koninkryk

Ons moet "aanhou streef (*zeteo*)." Hierdie outydse werkwoord beteken om aan te hou om reik na, te ondersoek, te kyk en te oorweeg. As jy deur die krag van Christus tot nuwe lewe opgewek is, moet jy lewe deur voortdurend na bo te kyk/streef. Jy moet nooit jou oë van Jesus afhaal nie; wat beteken dat jy die lewe konsekwent vanuit die hemel se perspektief moet beskou. Jou siglyn moet altyd op die koninkryk van God gerig wees. Paulus het voortgegaan deur te sê: bedink (*phroneo*), wat beteken om voortdurend 'n mens se aandag en liefde op iets te rig. Volgens hierdie vers moet ons voortdurend ons aandag op Jesus rig. Want dit is so dat wat ook al jou aandag het, besit jou en bepaal jou ingesteldheid.

Wat beteken dit om elke dag te leef deur ons aandag te rig op dinge daarbo, en nie op die dinge van die aarde nie? Die mens kan niks op aarde goed doen as mens nie op die hemel gefokus is nie. Dit beteken dat elke gedagte gevange geneem moet word en vanuit die hemelse perspektief beskou moet word.

So stel 'n dissipel hom/haar in!

**Lees ook:**

2 Kor. 10:5b "*Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak".*

Rom. 12:2 "*Julle moenie aan hierdie wêreld gelykvormig wees nie, maar verander word deur die vernuwing van julle denke, sodat julle goed kan onderskei wat die goeie en aanneemlike en volmaakte wil van God is*".

## c. Burgerlike verhoudings

23

**Februarie**

**Skrifgedeelte:** Prediker 4:9 - 12

**Teksgedeelte:** Prediker 4:12

**Afdeling:** Die kerk as koninkryk

‘Twee vaar beter as een en ‘n driedubbele tou breek nie maklik nie’. Hierdie is ‘n teks wat ons gereeld op troues hoor. Dit pas wonderlik toe op die huwelik, maar wat ons wel moet besef is dat die beginsel wat hierdie teks vaslê geld vir elke liewe mense verhouding wat bestaan.

Die geheim tot gesonde mense verhoudinge is om die Here die middelpunt van die verhouding te stel en die verhouding met sy riglyne te bestuur. Eers wanneer ons dit doen kry ons die vermoë om na mekaar te kyk soos die Here na elke persoon kyk, om genadig te wees soos die Here is, om te vergewe soos die Here vergewe, om geduldig te wees soos die Here geduldig is, ens.

Dit maak ons sterker want sodoende leef ons binne God se resep vir gesonde verhoudings, dit is die soort verhoudings waar God die middelpunt en sy Woord en Gees die fondasie is. Waar die dissipels, gelei deur God, hulle elke verhouding leef.

**Lees ook:**

https://www.crossway.org/articles/7-tips-for-cultivating-deeper-relationships-at-church/

## d. Die doel van preke en jou reaksie daarop

**2**

**Maart**

**Skrifgedeelte:** Matt. 28:16 - 20

**Teksgedeelte:** Matt. 28:20a

**Afdeling:** Die kerk as koninkryk

Ons ken die opdrag van Jesus aan sy dissipels baie goed '*Gaan na die nasies en maak mense my dissipels, leer hulle...".* Dit is op die laasgenoemde waarop ons wil fokus 'leer hulle'. Die woord wat hier gebruik word is 'n omvattende woord wat onderrig aandui. Wat die dissipels van Jesus gedoen het, is om oral te verkondig wat Jesus hulle geleer het.

Nadat hulle met die Heilige Gees vervul is gaan hulle die wêreld in en leer mense op verskillende maniere deur hulle prediking. Dwarsdeur die Nuwe Testament word daar op verskillende maniere en eienskappe van hierdie prediking gepraat. Van die woorde wat ons teëkom in die oorspronklike teks is *Kerussein* - verkondig, *Euangelizomai* – bring van goeie tyding, *Marturein* – getuienis lewer, *Didaskein* – Onderwys te gee, *Propheteuein* - profeteer en *Parakaklein* – vertroos en vermaan.

Al hierdie terme belig die veelkantigheid van 'n Bybelse preek. Binne hierdie veelkantigheid ontdek ons die verskillende maniere waarop preke ons opbou en roep, hoe groot die waarde daarvan is en dat dit God se ordinansie is om ons op hierdie manier te vorm.

**Lees ook:**

Rom. 10:14 – 17 "*Hoe kan hulle Hom dan aanroep, as hulle nie tot geloof in Hom gekom het nie? En hoe kan hulle in iemand glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder iemand wat dit verkondig? 15En hoe kan hulle dit verkondig as hulle nie gestuur word nie? Soos daar geskryf staan: "Hoe lieflik is die voetstappe van diegene wat die goeie boodskap verkondig!" Nie almal het egter aan die goeie boodskap gehoor gegee nie. Jesaja vra immers: "Here, wie het geglo toe hulle ons gehoor het?" 17Die geloof kom dus uit die aanhoor, en die aanhoor kom deur die verkondiging van Christus*".

Hand. 2:37 – 38 "*Toe hulle dit hoor (die prediking), is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gevra: "Wat moet ons doen, broers?" 38Petrus antwoord hulle: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van julle sondes gedoop word, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang*".

1 Kor. 14:3 "*Die een wat profeteer, praat egter wel met mense om hulle op te bou, te bemoedig en te vertroos*".

## e. ‘n (Ander) koninkryk wat moet tuimel

**9**

**Maart**

**Skrifgedeelte:** 2 Sam. 7:1 – 29

**Teksgedeelte:** 2 Sam. 7:11b

**Afdeling:** Die kerk as koninkryk

Een van die deurlopende temas in die boek van Samuel is die verwysing na die “Here se gesalfde”: [ 1Sam. 16:3, 6, 12-13; 24:6; 26:9, 11, 16, 23; 2 Sam. 1:14, 16; 3:39; 19:21]. Die Hebreeuse term Messias beteken “die gesalfde een”. Die Messias was ‘n integrale deel van Israel se unieke verstaan van hulle plek in geskiedenis: hulle bewustheid van die begin af dat God hulle Sy verkose mense gemaak het, om vir die nasies seëninge te bring. God het in die geskiedenis van Israel groot leiers en bevryders aan haar gestuur, en Hy sou weer so doen in die persoon van die Messias. Dit is ook wat ons sien oor die bestendige koninkryk wat aan die nageslag van Dawid belowe is. ‘n Wonderlike belofte van genade.

Soos tyd verby gaan het, het die leiers binne die Joodse geloof egter hierdie koninkryksvisie na wêreldse dinge gedraai. In die tyd van die NT word die Jode deur die Romeine verdruk en meer as ooit smag hulle na die koning wat Dawid se ryk sou herbou. Vir God het die verbond primêr gegaan oor ‘n lewende verhouding met die mense maar vir die mense het dit primêr begin gaan oor die ‘seëninge’ van God. Jesus Christus, die Gesalfde leef dus nie op na hulle wense nie. Hy bou ‘n ewige koninkryk in/deur sy teenwoordigheid by sy mense. Die Jode soek ‘n materiële koninkryk.

Soms, net soos die Jode, bou mense vandag ook hulle eie koninkryke en God moet húlle doel daarin dien. Is hierdie dalk die soort koninkryke wat jy moet platslaan sodat jy vir die ewige een kan leef?

**Lees ook:**

Jes. 9: 6 “*Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg*”.

## f. Gesamentlike aanbidding: Wanneer die kerk vergader

**16**
**Maart**

**Skrifgedeelte:** Heb. 10:19 - 25

**Teksgedeelte:** Heb. 10:23 & 24

**Afdeling:** Die kerk as koninkryk

Gesamentlike aanbidding is noodsaaklik vir 'n Christen se geestelike groei in geloof. Buiten die feit dat God sy kinders hulle identiteit laat vind in die kerk, is die kerk ook 'n wonderlike genademiddel tot groei. Die Skrif leer dat gelowiges nie die vergadering van die heiliges moet verlaat/ afskeep nie. Weeklikse versamelde aanbidding is deurslaggewend vir die proses van voortdurende groei in geloof. In die konteks van gesamentlike aanbidding kom gelowiges bymekaar om te luister hoe God praat terwyl sy Woord gelees en verkondig word, om saam te bid, om lofsange vir Hom te sing, om die sakramente te deel, ens.

Die genademiddele is instrumente waardeur die Heilige Gees Christene in staat stel om in die Here te groei. Ons word geroep in hierdie teks 'hou styf vas aan die hoop'. Hierdie hoop is wie ons is in Jesus en wie die Here vir ons is. Dat ons verlos, nuut gemaak en versamel is, is wie ons is. Kerk is nie iets wat ek doen nie, dit is wie ek is. Wat ek wel moet doen en hard aan moet werk is om styf vas te hou aan wie die Here my maak.

**Lees ook:**

Hand. 2:42 – 43 "*Hulle het bly volhard in die leer van die apostels, die verbondenheid met mekaar, die breek van die brood, en gebede. 43Almal is met ontsag vervul en baie wonders en tekens het deur die apostels plaasgevind*".

https://www.desiringgod.org/articles/five-benefits-of-corporate-worship

# 3. Die Koninkryk van God is visie en missie gedrewe

## a. ‘n ‘Soeker-sensitiewe’ vs. ‘n ‘soeker-bewuste’ bediening

**Skrifgedeelte:** 2 Sam. 6:1 - 23

**Teksgedeelte:** 2 Sam. 6:16

**Afdeling:** Die Koninkryk van God is visie en missie gedrewe

**23**

**Maart**

Die algemeen aanvaarde betekenis van soeker-sensitiewe kerke is die volgende:

Die soeker-sensitiewe kerk beweging het baanbrekerwerk geïnisieer met 'n nuwe metode vir die stigting van kerke. Dit behels o.a. demografiese studies en gemeenskapsopnames wat aan kerklose en kerklosse mense vra wat hulle in 'n kerk wil hê. Dit is 'n soort "as jy dit bou, sal hulle kom" mentaliteit. Die redenasie is dat as jy die verlores meer of beter vermaak gee as wat hulle elders kan ontvang, of op 'n nie-bedreigende manier "kerk doen", dan sal hulle kom, en hopelik sal hulle die evangelie aanneem. Die ingesteldheid is om die ongekerkte persoon te trek met groot vermaak, vir hom 'n boodskap te gee wat flou is en maklik verteer word. Die fokus van die soeker sensitiewe kerk is dan nie Christus-gesentreerd nie, maar mensgesentreerd.

Soeker-sensitief in hierdie sin kan ons nie eers oorweeg nie, dit is hoegenaamd geen ware kerk nie. Wat ons wel kan wees is ‘soeker-bewus’. Hiermee bedoel ek dat ons besef dat nie alle mense in ‘n kerk grootgeword het, al ooit blootgestel is aan meer tradisionele kerke nie. Verder ook dat nie alle mense binne die kerk op dieselfde vlak is of dieselfde verwagtinge het nie. Ons verskil en een van die mooi dinge in die kerk is ons eenheid in Jesus Christus, te midde van die diversiteit van die mens. Daar moet ‘n bewustelike sensitiwiteit onder gelowiges leef dat die ou langs my dalk anders as ek is. Mense en tye verskil. Hoe gaan ons mekaar en hulle buite die kerk met die Evangelie bedien inaggenome bogenoemde aspekte, asook die tydgerigte karakter van die Bybel?

**Lees ook:**

Rom. 15:7 “*Daarom, aanvaar mekaar, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God*”.

Heb. 13:1 – 2 “*Die broederliefde moet bly! 2Moenie versuim om gasvry te wees nie, want hierdeur het sommige, sonder dat hulle dit weet, engele as gaste ontvang*”.

Hand. 20:28 “*Pas julleself op, en ook die hele kudde oor wie die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om die gemeente van God, wat Hy deur sy eie bloed verwerf het, herderlik te versorg*”.

Ps. 133:1 “*'n Pelgrimslied. Van Dawid. Kyk hoe goed, hoe mooi is dit as •broers ook saam woon*”.

## b. ‘n Doel-gedrewe bediening

**20**

**April**

**Skrifgedeelte:** 1 Pet. 2:1 – 10

**Teksgedeelte:** 1 Pet. 2:9

**Afdeling:** Die Koninkryk van God is visie en missie gedrewe

Enige iets wat geskep word, kry sy doel by die skepper. Die een wat maak, maak dit wat gemaak word met ‘n doel. In hierdie teksgedeelte hoor ons van nuwe maaksels met ‘n nuwe doel. Hierdie nuwe maaksels is die mense wat in die Here glo en in Hom nuut gemaak is, herskep is deur die Here.

Hierdie herskep is met ‘n baie duidelike doel. Ons hoor hoe Petrus die Ou Testament verkondig en toepas op die nuwe ryk wat deurgebreek het. Eks. 19:5 – 6

"*As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, 'n koninkryk wat My as priesters dien, en 'n gewyde nasie. Die hele aarde behoort immers aan My.’ Dit is wat jy aan die Israeliete moet vertel*."

‘n Koninklike Priesterdom is ‘n priesterdom wat in gehoorsaamheid aan die Koning hulle lewens as dankoffers gee. Toegewy aan die Koning en sy heerskappy word die gemeente se bedieningsdoel gevind. Die Kerk van die Here, die uitverkose mense van God, moet hulle doel soek en vind in Hom wat die kerk maak en bymekaar roep. As ‘n liggaam van gelowiges wat baie doelmatig geskep is, leef ons die realiteit dat ons elke dag ons doel moet dien.

**Lees ook:**

Kol. 3:15 – 16 *“Verder, laat die vrede van Christus in julle harte regeer. As lede van een liggaam, is julle juis daartoe geroep. En wees dankbaar. 16Laat die woord van Christus in sy volle rykdom in julle woon. Leer en vermaan mekaar, in alle wysheid, deur met dankbare harte psalms, lofgesange en geestelike liedere tot eer van God te sing”.*

Ef. 3:10 – 11 *“Gevolglik kan die ryklik geskakeerde wysheid van God nou deur die •kerk aan die owerhede en die magte in die hemel bekend gemaak word, 11ooreenkomstig sy ewige voorneme, wat Hy gemaak het in Christus Jesus, ons Here”.*

## c. Dagbreek bediening

**27**

**April**

**Skrifgedeelte:** Ps. 96:1 – 13

**Teksgedeelte:** Ps. 96:10

**Afdeling:** Die koninkryk van God is visie en missie gedrewe

Wanneer mens by 'n vreemde plek aankom in die aand, dan sukkel 'n mens nogal om sin te maak van die uitleg, hoe dit lyk en 'n geheelbeeld te kry van waar jy is. 'n Mens kom dalk aan by 'n vakansiebestemming, iemand se huis of waar ook al en as dit donker is, kry mens nie lekker 'n geheelbeeld geskep van hoe hierdie plek werklik lyk nie. Ons tas maar in die donker rond en probeer 'n idee skep van hoe die plek lyk ter wille van ons gemak.

Dit is dan die vreemdste gevoel om op daardie plek wakker te word wanneer die son skyn en onmiddellik te verstaan hoe dit lyk, uitgelê is en waar jy eintlik is. Die lig vee die verwarring van die duister uit.

Ons leef en beweeg onder mense wat ook hier in die aardse lewe in die donker tas. Nie eintlik besef wat die mens se doel en roeping is nie, nie weet of hulle aan iets groter behoort of hoekom dinge gebeur soos dit gebeur nie. Soos die son opkom, die duister verlig en sin maak van alles, só moet die bediening van die kerk ook wees in die bediening en uitleef van die koninkryk. Dat daar vir mense sin gemaak word van die lewe, doel en roeping deur mense van die Here, sy koningskap en van sy koninkryk te leer.

**Lees ook:**

Matt. 5:13 – 16 "*Julle is die sout vir die aarde, maar as die sout sy smaak verloor het, waarmee sal dit weer sout gemaak word? Dit deug vir niks meer nie, behalwe om buite gegooi te word sodat dit deur die mense vertrap kan word. "Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie. 15 Mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder 'n maatemmer nie, maar op 'n lampstaander, en so gee dit lig vir almal in die huis. "Laat julle lig só voor die mense skyn, sodat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, kan verheerlik*."

Jak. 2:14 – 17 "*Wat baat dit, my broers, as iemand sê dat hy geloof het, maar hy het nie dade nie? Dié geloof kan hom tog nie verlos nie? 15As 'n broer of 'n suster sonder klere en daaglikse kos is, 16en een van julle sê vir hulle, "Gaan in vrede, word warm en word versadig," maar julle gee nie vir hulle wat die liggaam nodig het nie, wat help dit? 17 So is geloof alleen, as dit nie op dade uitloop nie, dood"*.

## d. Koninkrykgedrewenheid maak strategiese kerke

**4**

**Mei**

**Skrifgedeelte:** Pred. 11:1 – 6

**Teksgedeelte:** Pred. 11:1

**Afdeling:** Die Koninkryk van God is visie en missie gedrewe

Daar is baie dinge waaroor ons geen beheer het nie, baie uitkomste wat ons nie kan stop nie en baie situasies wat ons as mense nie kan beredder nie. Die Here is in beheer en sy wil sal gebeur. Dat die Here ons wel aanstel om binne al hierdie situasies Hom te verteenwoordig in die uitleef van sy wil in ons roeping is 'n ongetwyfelde feit.

Werp jou brood op die water leer vir ons om berekende en wyse treë te neem in die lewe en beplanning van die lewe. Soos 'n boer die saad saai in die nat en voorbereide grond en vir dit wag om te groei.

Jes. 32:20

"*...met julle sal dit goed gaan: julle sal saai langs baie waters, julle sal julle beeste en julle donkies vry laat loop*".

As 'n kerk behoort so tipe beplanning, voorbereiding en uitvoerkarakter eie aan ons te wees. Ons kan daarom gemaklik aanvaar dat kerke strategies behoort te wees oor die saad wat hulle saai, die grond waarin hulle dit saai en die oeste wat dit oplewer. Om in dit alles vrymoedig te kan weet ons doen so veel moontlik om, in alles aspekte van ons bestaan en doel, sonder onderbreking die Here se wil te soek en maniere (strategieë) te vind om dit uit te leef en te bedien. Dit vat deeglike beplanning, voorbereiding, samewerking en volhardende uitvoer.

Selfs indien sekere strategieë en bedienings daarbinne nie werk of posvat nie, vat dit nie die verantwoordelikheid tot strategie weg nie. Kyk bv. na wat gebeur in Hand. 16:6

'*Hulle het daarna deur die gebied van Frigië en Galasië gereis, omdat die Heilige Gees hulle verhinder het om die woord in die provinsie Asië te verkondig*. '

Die bedienaars van die Here wil die Evangelie verkondig in Asië en die Heilige Gees steek 'n stokkie voor dit. Dan gaan hulle na ander plekke. Een ding is seker: dat die ware kerk van die Here Jesus nie vriende maak met stagnasie, gemaksones, moed opgee en laksheid nie, maar altyd bly werk!

**Lees ook:**

Spr. 16:9 "*Die hart van 'n mens* ***beplan*** *sy pad, maar die Here* ***bepaal*** *sy voetstappe*".

## e. Die sleutels van die koninkryk in die hande van dissipels

**11**

**Mei**

**Skrifgedeelte:** Matt. 16:13 – 20

**Teksgedeelte:** Matt. 16:19

**Afdeling:** Die Koninkryk van God is visie en missie gedrewe

In Sondag 31 van die Heidelbergse Kategismus word die Gereformeerde belydenis oor die sleutels van die Koninkryk gestel in die samevatting van wat die Bybel daaroor leer. Ons bely die volgende:

**Vraag 83: Wat is die sleutels van die koninkryk van die hemel?**

Antwoord: Die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug. Met albei hierdie handelinge word die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit.

**Vraag 84: Hoe word die koninkryk van die hemel deur die verkondiging van die heilige evangelie oop- en toegesluit?**

Antwoord: Volgens die bevel van Christus word aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem. Daarenteen word aan al die ongelowiges en huigelaars verkondig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie (a). Volgens hierdie getuienis van die evangelie sal God sowel in hierdie as in die toekomstige lewe oordeel.

(a) Joh 20:21-23; Matt 16:19.

**Vraag 85: Hoe word die koninkryk deur die Christelike tug toe- en oopgesluit?**

Antwoord: Volgens die bevel van Christus word die wat die naam Christen dra en tog 'n onchristelike leer huldig of hulle onchristelik gedra eers herhaalde kere broederlik vermaan. As hulle egter nie van hulle dwalinge of skandelike lewe wil afsien nie, moet dit aan die gemeente of aan die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, gesê word. As hulle hulle ook nie aan laasgenoemde se vermaninge steur nie, word hulle nie langer tot die heilige sakramente toegelaat nie en uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit. Hulle word weer as lede van Christus en sy gemeente aangeneem wanneer hulle werklike verbetering beloof en bewys (a).

(a) Matt 18:15-17; 1 Kor 5:4, 5, 11; 2 Kor 2:6-8.

Ons luister na wat die Here leer oor elke ware gelowige se bediening en uitleef van hierdie dissipelskap beginsels wat die Here ons gee.

**Lees ook:** Verskeie gedeeltes in HK na verwys

# 4. Gedrewe burgers is toegewyde volgers wat geestelik groei

18

Mei

## a. Dissipelskap: Jesus is die model vir toegewyde volgers

**Skrifgedeelte:** Luk. 2:41 – 52

**Teksgedeelte:** Luk. 2:52

**Afdeling:** Gedrewe burgers is toegewyde volgers wat Geestelik groei

Die persoon en werk van Christus vorm die basis van die geestelike groei van Christene. Die Bybel leer dat die Seun van God 'n menslike natuur met Homself verenig het, en in die loop van Sy lewe het Jesus "toegeneem in wysheid en in grootte en in guns by God en mense" (Luk. 2:52). Volgens Sy menslike natuur het Jesus in geestelike wysheid gegroei, en in daardie opsig dien Hy as 'n model vir groei. Maar Jesus is meer as 'n model. Jesus verlos sondaarmense en gee nuwe lewe onder leiding van sy Woord en Gees. Hierdie nuwe lewe in die krag van die Gees en die wysheid van die Woord is wat geestelike groei moontlik maak.

Binne hierdie geestelike groei hoor ons Jesus se roeping vir dissipels Matt. 16:24

"*Toe sê Jesus vir sy dissipels: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg*"

Jesus leef die weg waarop Hy ons roep en daarom moet ons strewe altyd belaai en gedryf word deur die pad wat Hy aanwys en die groei wat Hy moontlik maak.

**Lees ook:**

Joh. 14:6 "Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie".

Rom. 6 die hele hoofstuk. Kyk veral na v. 11 "*Julle moet dus altyd onthou dat ook júlle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus*".

Gal. 2:20 "*en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê*".

## b. Persoonlike groei is eie aan Gees vervulde dissipels

**25**

**Mei**

**Skrifgedeelte:** Matt. 13:31 – 33

**Teksgedeelte:** Matt. 13:32

**Afdeling:** Gedrewe burgers is toegewyde volgers wat geestelik groei

Die gelykenis van die mosterdsaad leer die idee van eksponensiële groei in die Koninkryk van God: "Die koninkryk van die hemele is soos 'n mosterdsaadjie wat 'n man geneem en in sy land geplant het. Alhoewel dit die kleinste van alle sade is, is dit tog die grootste tuinplante wanneer dit groei en word dit 'n boom." Hierdie metafoor beklemtoon die transformerende krag van selfs die kleinste begin en die potensiaal vir betekenisvolle groei in die geestelike lewe.

Geloof is lewend en soos enige lewende organisme moet daar groei en vordering wees. As gelowiges moet ons daarom die potensiaal vir groei verstaan en soek. Ons moet vertrou dat die Here geweldige groei in ons lewens sal bewerk wanneer ons ons oorgee aan sy roeping vir ons d.m.v. die krag van sy Gees. Hierdie groei word gemeet in jou toewyding aan die Here en gehoorsaamheid aan die Koning binne jou roeping om vrug te dra.

**Lees ook:**

2 Pet. 3:18b "*Sorg daarenteen dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus*".

Ef. 4:15 – 16 "*Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde*".

Heb. 5:11 – 15

## c. Die Here gee programme vir dissipels om te groei

**1**

**Junie**

**Skrifgedeelte:** Gal. 6:1 – 10

**Teksgedeelte:** Gal. 6:8b – 9

**Afdeling:** Gedrewe burgers is toegewyde volgers wat Geestelik groei

Geestelike dissiplines is nog 'n manier waardeur gelowiges geestelike groei ervaar. Die woord dissipline is nou verwant aan die woord dissipelskap. In die Skrif is 'n dissipel iemand wat onderrig is in die leer van Christus. Bybelse dissipelskap vind plaas wanneer gelowiges in die Woord van God onderrig word. Gelowiges word deur God geroep om selfdissipline na te streef.

Die Skrif spoor ouers ook aan om hulle kinders te dissiplineer, om hulle in die dissipline en opleiding van die Here groot te maak (Ef. 6:4). Daarom ook die roeping om reg te stel wat verkeerd is en ‘n mens meer te beywer vir die goeie van die Here. Ons sien dit bv. in die lering oor die kerklike tug (Matt. 18:15–20; Heb. 12:3–11). Dat gelowiges mense moet wees wat mekaar reghelp en ophelp.

In ons teksgedeelte sien ons dit is ‘n proses van herhaling en vermeerdering. Hiervoor moet ons as dissipels ons beywer. Om jou vir iets te beywer beteken tog om doelmatig hard te werk met ‘n vaste ingesteldheid. Die Here gee ons geestelike dissiplines as gereedskap om ons te help in hierdie nougesette ywer en ingesteldheid.

**Lees ook:** https://www.desiringgod.org/interviews/what-are-spiritual-disciplines

## d. Groei in groepe deur die werk van die Gees!

**8**

**Junie**

**Skrifgedeelte:** Hand. 2:42 – 47

**Teksgedeelte:** Hand. 2:46b

**Afdeling:** Gedrewe burgers is toegewyde volgers wat geestelik groei

Daar is sommige mense wat dink dat kleingroepe 'n kerklike '*nice to have'* is. Daarom is dit iets wat mense as opsioneel benader. Natuurlik is daar sekere omstandighede en situasies waar mense nie by 'n kleingroep kan uitkom nie. Wat ons wel goed moet verstaan is dat dit 'n ordinasie van God is en nie iets wat kerkleiers opgemaak het nie.

Die Here versamel sy mense om Hom saam te aanbid. Dit is God se doel met elke ware gelowige se uitverkiesing om alles onder een Hoof te verenig, onder die hoofskap van Jesus die Koning van die kerk. Binne hierdie vereniging bepaal die Here 'n sekere en vaste manier waarop gelowiges mekaar moet versterk deur die dissipelskap lewe 'saam' te doen. Kleingroepe is een geleentheid wat God gee vir hierdie 'saam' doen.

Daarby saam is die unieke karakter van kleingroepe wat stil word rondom die Woord 'n middel waardeur die Here geloofsgroei bewerk binne die werk van sy Gees. Miskien moet ons as dissipels ons benadering en toewyding aan hierdie middel nuut benader en sien wat die Here in hierdie soort bediening wil doen.

**Lees ook:** Hand. 5:42 "*En hulle het nie opgehou om die mense elke dag in die tempel en in hulle huise te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie*".

Matt. 18:20 want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

Ef. 1:4 & 10;4:12 – 16

https://blog.pastors.com/articles/what-the-bible-teaches-about-small-groups/

https://www.desiringgod.org/articles/do-not-despise-the-day-of-small-groups

## e. Gees-gedrewe dissipels is helpers vir die verlorenes

**15**

**Junie**

**Skrifgedeelte:** Spr. 14:31 & Mark. 10:17 – 22

**Teksgedeelte:** Spr. 14:31

**Afdeling:** Gedrewe burgers is toegewyde volgers wat Geestelik groei

Ons sien regdeur Jesus se bediening dat Hy mense se nood raaksien en dit Hom diep aanraak. Hy het in liefde simpatie met hulle wat swaarkry en verdruk is. Daar is verskillende vorme waarin mense swaarkry en verdrukking beleef. Die ergste daarvan is binne die nood van verlore wees. Verlore omdat iemand die Here nie ken nie.

As kerk behoort ons gerat te wees om nie net na mense se fisiese behoefte om te sien nie, maar ook en veral op hulle geestelike behoeftes. Daar is baie armoede en nood in ons tyd. Fisies moet ‘n mens daar wees en help waar jy kan. Dit doen ons deur verskillende welwillende uitreike aan te pak. Geestelik moet ons óók daar wees en dit doen ons deur Jesus in die wêreld te bedien.

Dit kan ‘n mens wel eers doen as jy gaan ‘en alles verkoop’, daarmee bedoel ons wanneer ons uitvee alles wat ‘n plek bo die Here en die bediening van sy koninkryk in ons lewens inneem. “Die oes is groot en die arbeiders min” is baie maal die kerk se realiteit bloot omdat ons dormant raak in ons uitreik na die nood!

**Lees ook:** Spr. 19:17 “*Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed*”.

Spr. 22:9 “*Wie mededeelsaam is, word geseën, want hy gee van sy kos vir arm mense*”.

Spr. 28:27 “*Wie vir 'n arm mens iets oor het, sal self niks kortkom nie, maar wie anderpad kyk, sal baie verwensings hoor*”.

Spr. 31:20 “*Sy het 'n oop hand vir die armes, sy is vrygewig teenoor die behoeftiges*”.

## f. Dissipels met hemelse burgerskap het ‘uitreik-paspoorte’ na die hele wêreld

**22**

**Junie**

**Skrifgedeelte:** 2 Tim. 4:9 – 18

**Teksgedeelte:** 2 Tim. 4:10 – 12a

**Afdeling:** Gedrewe burgers is toegewyde volgers wat Geestelik groei

Elke plaaslike gemeente bestaan selfstandig onder die heerskappy van die Koning ons Here Jesus Christus. Die plaaslike gemeente is ‘n tuiste vir die mense van sy omgewing. In hierdie geestelike tuiste werk die Here deur sy Woord en Gees op verskillende maniere vir die opbou en groei van die dissipels van Jesus. Die dissipels wat lewe as diensknegte van die Koning, verteenwoordig die Koninkryk van Jesus binne die plek waar hulle bestaan en funksioneer.

Die plaaslike gemeente maak hom wel nie los van die universele kerk nie. Die universele kerk is die ware gelowiges regoor die wêreld versprei. Die plaaslike gemeentes maak deel uit van hierdie groter geheel en moet daarom strategies wees oor hulle rol binne die universele kerk. Die universele kerk is immers nog meer ‘n geheelbeeld van die verteenwoordiging van die Koninkryk.

Daarom roep die Here elke plaaslike gemeente om hulle geestelike paspoorte te vat en binne verskillende vorme van bedienings op reis te gaan. Op reis in uitreike, gebede, middele ens. orals na waar ons mede-burgers bestaan en bedien. Om hierdeur ook mekaar se hande sterk te maak en mekaar se laste te dra tot verheerliking van die Here ons Koning.

**Lees ook:** https://www.thegospelcoalition.org/essay/the-church-universal-and-local/

## g. Die koninkryk, dissipelskap en eskatologie

**27**

**Julie**

**Skrifgedeelte:** Fil. 3:1 – 21

**Teksgedeelte:** Fil. 3:14

**Afdeling:** Gedrewe burgers is toegewyde volgers wat Geestelik groei

Baie maal wil mense graag eendag deel wees van iets wat hulle nou verwerp. Kom ons verduidelik:

In hierdie gedeelte sien ons Paulus maak, gelei deur die Heilige Gees, 'n baie mooi belydenis:

"*Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus*".

Hierin sien ons die duidelike determinasie binne sy ingesteldheid. Dat Hy nou reeds werk vir wat eendag kom. Ons weet die geloof en al die gawes wat dit oopsluit is alleen uit genade en binne die verdienste van Jesus, maar ons moet sien hoe dit ons lewensingesteldheid nou verander. Om 'n burger van die hemel te wees begin nie wanneer 'n gelowige in sy sterwe hemel toe gaan nie, maar wanneer 'n mens gelowig word. Paulus stel nou reeds sy hele aardse lewe in op die bediening van die oorwinning wat kom.

Vandag is dit so dat baie Christene maklik bely 'ek gaan hemel toe' maar nie veel te maak het met die kerk wat, oral waar die kerk getrou aan die Koning is, God se vergestalting van die hemel/ koninkryk op aarde is nie. Ons moet nou reeds die koninkryk leef wat eendag in volheid vir ons aanbreek!

**Lees ook:** Ef. 2:19 "*Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God*".

Fil. 1:9 – 11 "*Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, 10sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, 11en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer*".

# 5. Elke plek het sy donker wolke

**3**
**Augustus**

## a. Dissipels voor die berader se deur

**Skrifgedeelte:** Spr. 15:22

**Teksgedeelte:** Spr. 15:22

**Afdeling:** Elke plek het sy donker wolke

'Berading? Met iemand anders praat oor my probleme? NIE vir my nie dankie!'

Is dit nie baie maal mense se reaksie op die moontlikheid van berading nie. Sulke stellings is dikwels die gevolg van mens se sondige natuur se hardkoppigheid, selftrots en eie wil. Dalk soos Spr. 13:10 leer:

"*Selfverheffing lei altyd tot twis; dié wat goeie raad aanneem, het wysheid*".

Wat ons egter moet besef is dat ons in 'n gebroke wêreld leef en is as mense aan gebrokenheid onderwerp. Daarom is daar gereeld kwessies wat ons nie die vermoë het om self te hanteer nie of gevalle waarin ons so diep persoonlik betrokke is, dat ons sukkel om goeie perspektief te hê. Die Here weet hierdie dinge en daarom gee Hy ook die goeie gawe van mense wat Hy bekwaam het om ander deur hulle nood te help werk.

Berading is 'n gawe van God, dit is een van die maniere waarop die Here self binne ons huise, harte, huwelike ens. werk. Hy roep jou om dit blymoedig aan te neem en daardie gawe wat Hy gee te gebruik. Die Here is in sy alwysheid die belangrikste Raadgewer in al hierdie dinge in ons lewens en daarom gee Hy ook mense wat namens Hom raad gee, Hy bekwaam hulle met sy Gees en hulle praat namens God deur die Gees. Gebruik dit, Hy nooi jou uit!

**Lees ook:** Joh. 16:13 & 14 "*Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. 14Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig*".

Gal. 6:2 "*Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus*".

Spr. 12:15 *"'n die dwaas se oë is sy eie pad die regte; wie wysheid het, luister na raad*".

## b. Gryp na die Lig wanneer jy wag in die donker

**10**

**Augustus**

**Skrifgedeelte:** Ps. 40:1 – 18

**Teksgedeelte:** Ps. 40:2

**Afdeling:** Elke plek het sy donker wolke

Een ding wat elke gelowige moet weet is dat seisoene van donker heeltemal normaal is in die christelike lewe. Wanneer jy in iets nie slaag, deur baie seer moet werk of vasgevang is in 'n verterende situasie moet jy weet: Jy is nie alleen nie, jy is nie verlore nie en die Here bly in beheer ook nou wanneer jy voel dinge is buite beheer.

Ons sien in hierdie Psalm dat David in só 'n tipe situasie is en dat hy moet wag op die Here. Seker een van die moeilikste dinge vir ons as mense om te doen. Hy praat oor die donker waardeur hy moes gaan as 'n 'diep modderige put'. Sekerlik een waaruit hy gevoel het hy nie sal kom. Ons hoor in sy woorde hulpeloosheid en desperaatheid.

Dan sien ons hoe die Here vir Hom die lig is, wanneer die Here hom red uit sy situasie. Al moes hy so lank wag dat hy die situasie as hulpeloos beskryf, kom die Here op die regte tyd en red hom uit. Wanneer jy moet wag en moet vra 'hoe lank nog Here?' is dit die hoop waaraan jy moet bly vashou, die lig breek altyd deur die duister. Vertrou die Here!

**Lees ook:** Ps. 69:2 – 4 "*Red my, o God, want die water het tot by my keel gekom. 3Ek het weggesak in diep modder waarin ek nie kan staan nie. Ek het in diep waters beland waarin die stroom my meegesleur het. 4Ek het my moeg geroep om hulp, my keel is hees geroep, selfs my oë het ingegee soos ek vir my God gewag het*".

Joh. 8:12 "*Jesus het weer met die mense gepraat. Hy het gesê: "Ek is die lig vir die mense van die wêreld. Elkeen wat My volg, sal nie in die donker loop nie. Hy sal die lig hê wat lewe gee."*

Matt. 5:3 – 4 "*Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word"*.

## c. Arms oop sodat vreugde kan vloei!

**17**

**Augustus**

**Skrifgedeelte:** 1 Tess. 5:12 – 28

**Teksgedeelte:** 1 Tess. 5:16

**Afdeling:** Elke plek het sy donker wolke

Om vir die Here te wag in tye van donker moet beslis nie ‘n tyd van inaktiwiteit wees nie. Om altyd bly te wees beteken nie altyd opgewonde vreugde nie, maar ook hoopvolle tevredenheid. Daarom hou ons aan doen selfs al voel ons ons kan nie. Ons moet doen wat ons kan en gereeld wees vir God se manier van genees. Wyse beraders het nog altyd hierdie advies gegee. Om selfs in jou mees desperate oomblikke nie deur jou gevoelens beheer te word nie, maar jou gevoelens deur jou Koning te laat beheer.

Om ons in die donker deur ons Koning Jesus Christus te laat beheer beteken ek beywer my om sy woorde ter harte te neem, ek gebruik energie in die uitleef van my roeping (werk, kerk, huis). Daarby saam ook span ek my in vir die opbou van my liggaam: Fisiese aktiwiteit, gesonde kos en gewoontes is alles gawes wat God gee om jou op te lig, self in jou swaarste tyd.

Verder hou dit in om ons deur die Here te laat beheer in die donker, ook om die hulp te soek van dié wat Hy bekwaam maak om te help. Om jou donker vir die Here te gee beteken in jou vertroue op Hom steek jy jou hande uit om aktief te wees in wat Hy jou wel bekwaam en toelaat om te kan doen in jou situasie. Met die perspektief: Wanneer die koninkryk in sy volheid aanbreek sal geen donker meer bestaan!

**Lees ook:** Jak. 1:2 – 3 “*My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, 3want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard*”.

1 Pet. 1:6 – 7 “*Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings 7sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus*”

Rom. 5:3 – 5 “*Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, 4en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; 5en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het*”

# 6. Kenmerkend afhanklik, die koninkryk biddend

## a. Dissipels gefokus op die verheerliking van God in totale toewyding aan Hom

**24**

**Augustus**

**Skrifgedeelte:** Matt. 6:9 – 14

**Teksgedeelte:** Matt. 6:9

**Afdeling:** Kenmerkend afhanklik, die koninkryk biddend

v. 9 '“*So moet julle bid: “Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word*; '

Let op na hoe Jesus praat “*Ons Vader”*. Die mooi hierbinne is dat Hy ons insluit as kinders van die Vader en daarby saam ook die beskrywing van wat Hy doen. ‘n Vader wat versorg, beskerm, onderhou ens. Die gebed gaan aan met die belydenis dat die Vader, vér verhewe bo alles, oor alles heers. Terwyl Hy verhewe is, is sy toeganklikheid in gebed ‘n aanduiding van sy liefde en genade met sy mense. So sou God Hom kon onttrek uit sondaarmense se lewens. Die mens het immers in sonde sy rug op die Heilige gedraai, maar Hy doen dit nie. Inteendeel, Hy stuur sy Seun om ons te verlos en te herskep sodat ons sy heiligheid kan ken en aan dit vashou.

So leer Jesus ons om in ons gebede te weet wie God is. Hy is die Heilige, die Almagtige, die Ewig ver verhewe God wat deur alle mense aanbid moet word. So ook is Hy die liefdevolle en genadige God wat sy liefde en genade bewys in sy teenwoordigheid in ons lewens.

Daarvoor kan die mens nie anders as om die Here se Naam te verheerlik nie... al die lof kom Hom waarlik toe. Daarom dan die woorde verder ‘Laat U Naam geheilig word’. Dat ons as mense God as die Heilige sal erken, bely en verheerlik met ‘n lewe van totale toewyding aan Hom. Dit is waaraan ons lewens geken moet word: Dié wat deur Jesus geheilig is, maak die Heilige Naam van ons Vader, wat verhewe bo alles genadig en liefdevol is, groot in ons lewens.

**Lees ook:** Joh. 3:31 “*Hy wat van bo af kom, is bo almal; hy wat van die aarde is, hoort by die aarde en praat die taal van die aarde. Hy wat uit die hemel kom, is bo almal.* '

Ef. 3:20 – 21 “*Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, 21aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen*”.

Ps. 113:2 – 8 “*Die Naam van die Here moet geloof word, nou en vir altyd. 3Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan, moet die Naam van die Here geprys word! 4Hoog bo al die nasies heers die Here, sy mag strek selfs oor die hemele. 5-6Wie in die hemel of op die aarde is soos die Here ons God, wat hoog woon en hier onder alles sien? 7Die geringe help Hy op uit die stof, die arme laat Hy van die ashoop af opstaan 8om hom by vernames te laat sit, by die vernames van sy volk*”.

https://www.youtube.com/watch?v=n_vEB11XKSE

## b. Om nou te werk vir wat jy vir eendag begeer

**31**

**Augustus**

**Skrifgedeelte:** Matt. 6:9 – 14

**Teksgedeelte:** Matt. 6:10a

**Afdeling:** Kenmerkend afhanklik, die koninkryk biddend

Luk. 17:20b & 21 leer Jesus:

"*Die koms van die koninkryk van God kan nie uit voortekens bereken word nie. 21Hulle sal nie kan sê: 'Kyk, hier is dit!' of: 'Daar is dit!' nie, want die koninkryk van God is hier by julle*."

Jesus is reeds hiér. Dis wat Hy hier leer. Hy kondig 'n era aan waar die koninkryk sigbaar raak, deur God se heerskappy in mense se harte, deur die werk van Jesus as Verlosser en die Heilige Gees.

Wanneer Jesus hier bid 'laat U koninkryk kom' dan bid Hy vir die mense om binne die heerskappy van God totaal in die Here se diens sal wees. Dat die wêreld 'n plek sal wees waar meer en meer mense, gelei deur die Gees, in totale oorgawe aan God sy wil doen in hulle verhouding met God en die roeping daarbinne.

Om hierdie gebed te leef beteken vir ons totale oorgawe aan die heerskappy van die Here soos die Heilige Gees ons bemagtig om te doen. Binne hierdie totale oorgawe lééf ons dan die koninkryk tot verheerliking van die Koning. Dit beteken sy roeping vir ons bepaal ons rigting van leef. Dat ons hele lewe oorgeneem is binne die realiteit dat ons die koninkryk verteenwoordig en getrou bedien.

**Lees ook:** Rom. 14:17 "*Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee*".

Matt. 6:33 "*Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee*".

1 Kor. 4:20 '*Die koninkryk van God is immers nie 'n saak van praatjies nie, maar van krag*. '

## c. Gewillige dienaars wat 'wil' doen

**7**

**September**

**Skrifgedeelte:** Matt. 6:9 – 14

**Teksgedeelte:** Matt. 6:10b

**Afdeling:** Kenmerkend afhanklik, die koninkryk biddend

'...laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel'

Hierdie hou ten nouste verband met ons vorige boodskap waarin ons 'laat U koninkryk kom' behandel het. Nou fokus ons net op wat presies God se wil is vir hulle wat onder die heerskappy van God totaal in die Here se diens is.

God maak sy wil aan ons bekend deur die Woord. Daarom beteken hierdie bede dat ware gelowiges hulle lewens in lyn met God se Woord wil leef. Hiermee moet gelowige mense baie moeite doen om bekend te wees met wat God se wil is. Dit doen mens deur met die Woord van die Here besig te wees.

Verder kan hierdie woord vir "wil" ook vertaal word met "doel". Dus spreek dit ook die praktyk van die mense se lewe aan in die rede vir ons bestaan. Die Here het mense geskep met 'n baie spesifieke doel, die uitleef van hierdie doel is waarvoor hier gebid word. Trouens die hele eerste helfte gaan hieroor, let daarom:

- U Naam
- U Koninkryk
- U wil

Basies is dit 'n gebed dat die Here alles meer sal verander om terug te kom by sy bedoeling daarmee. Dat gelowiges groei in die verstaan en die oorgee aan wat God se bedoeling met ons is. Hierdeur word die Koninkryk gevestig op aarde, want dissipels verteenwoordig die Here.

**Lees ook:** Rom. 12:2 "*Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is*".

Miga 6:8 "*Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God*".

Ef. 5:17 "*Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen*".

## d. Dissipels wat vertrou daar is grond onder jou volgende tree

**14**

**September**

**Skrifgedeelte:** Matt. 6:9 – 14

**Teksgedeelte:** Matt. 6:11

**Afdeling:** Kenmerkend afhanklik, die koninkryk biddend

Niemand van ons weet hoe 'n dag sal uitdraai wat pas begin het nie. Ons kan nie in die toekoms insien nie en het geen sekerheid oor hoe more sal lyk nie. Soms is ons ook in situasies waarin ons nie 'n uitkoms of uitweg sien nie.

Jesus leer ons hierdie om te bid vir sekerheid en nie onsekerheid nie. Die sekerheid waarop ons staatmaak is nie in wat ons kan beheer of beplan nie, maar in die feit dat die Here volmaak en sonder ophou in beheer is. Hierin moet ons vertrou en rustig raak voor die Here. Om binne hierdie afhanklikheid te bid skep ook 'n ritme van bewustheid van wat God doen en dankbaarheid oor hoe Hy ons versorg.

Daarby saam moet ons verstaan dat binne hierdie gebed vir vertroue is ons ook rentmeesters. Daagliks moet ons doen wat die Here ons beveel en met ywer verdien binne die geleenthede wat Hy gee. Om met wysheid om te gaan met die middele waarmee God versorg is iets eie aan 'n dissipel. Terwyl ek leef in die vertroue dat daar 'n pad is vir my volgende tree en dat ek elke tree neem onder leiding van God se wil, is dit mý werk ook om my voete op te tel en die tree te neem!

**Lees ook:** Matt. 6:25 – 26 "*Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? 26Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?"*

Deut. 8:17 – 18 "*Jy kan dalk dink: my krag en my sterk hande het vir my hierdie rykdom verwerf. 18Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf. So hou Hy die verbond in stand wat Hy met 'n eed aan jou voorvaders beloof het. So is dit nou nog*".

## e. Volgers van die Here wat hulle beywer vir vergifnis

**21 September**

**Skrifgedeelte:** Matt. 6:9 – 14

**Teksgedeelte:** Matt. 6:12

**Afdeling:** Kenmerkend afhanklik, die koninkryk biddend

Aan die kern van hierdie bede is ons eie vergifnis en om te bid vir vergifnis begin by erkenning en belydenis van jou eie gebrokenheid (en skuld). Soos die Psalmskrywer moet ons ook bely Ps. 51:5

"*Ja, my oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus*".

Sonde ruk mense weg van God af, trouens die Bybel leer dit is vyandskap met God. Rom. 8:7a "*Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God*". In hierdie staat los die Here ons nie, sy liefde en genade is so groot dat God sy Seun, ons Here Jesus, stuur om te sterf vir ons sonde en volmaakte vergifnis te verwerf. Volmaak vergewe sonder dat ons dit verdien, dit is hoe ons voor God is.

Hierdie vergifnis is ook die fondasie van vergifnis vir ander. 'n Mens wat bewus van sy eie gebrokenheid dankbaar oor God se vergifnis leef, sal nie ander se gebrokenheid as onvergeefbaar afskryf nie. Dit is wel so dat dit in baie situasies baie moeilik is en met groot worsteling gepaard gaan. Hierin is ons gebed ook vir hulp en krag. As mense wat vergewe ís, selfs vir meer as wat ons ooit kan verstaan, moet ons ook bedienaars van hierdie vergifnis wees.

**Lees ook:** Ef. 4:32 "*Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het*".

1 Joh. 1:9 – 10 "*Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid. 10As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie*".

Matt. 18:21 – 22 "*Daarna het Petrus na Jesus toe gekom en gevra: "Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?"*

*22Jesus antwoord hom: "Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer*".

Kol. 3:13 "*Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe*".

## f. Kinders van die Vader binne die sekuriteit van sy roeping

**28**

**September**

**Skrifgedeelte:** Matt. 6:9 – 14

**Teksgedeelte:** Matt. 6:13

**Afdeling:** Kenmerkend afhanklik, die koninkryk biddend

Die laaste bede:

"...*en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose*".

Natuurlik gaan ons in versoeking kom, ons lewe as sondaars in 'n sondige wêreld. Die woord in die Grieks vertaal ook as 'toets'. Ons weet ook dat ons getoets gaan word deur verskeie dinge en situasies. So wat bedoel Jesus hier? Hierdie gebed is die smeking vir die Here se krag en wysheid binne elke so situasie wat versoek of toets, dat ons die regte ding sal doen en die Here verheerlik. Dat ons die toets deurstaan en groei in die geloof omdat ons getrou bly aan die Here binne die krag van die Heilige Gees en die wysheid in sy Woord. So het ons dan in die genade van die Here die bose weerstaan deur vas te hou aan die Heilige!

Ons verhouding met die Here en ons lewe daarin is 'n proses waarin ons moet groei en die Duiwel sal als in sy vermoë doen om daardie groei stop te sit. Hy haat ons verhouding met die Here. Daardie verhouding is wel nie net iets waarín ons is nie, dit is ook wié ons is. Mense van die koninkryk wat die Koning dien. Daarom fokus ons om getrou aan God elke toets te weerstaan en die Here se eer in elke situasie te soek.

**Lees ook:** Jak. 1:12 "*Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deurstaan het, sal hy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan dié wat Hom liefhet*".

Ps. 139:23 – 24 "*Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad*"!

# 7. Koninkryksgelykenisse

19

Oktober

## a. Getroue burgers van die koninkryk!

**Skrifgedeelte:** Matt. 13:44 – 50

**Teksgedeelte:** Matt. 13:44

**Afdeling:** Koninkryksgelykenisse

In beide die gelykenisbeelde wat hier gebruik word, is die bedoeling om uit te druk dat verlossing 'n skat is wat baie nie kry nie, maar dié wat dit wel kry is gewillig om alles daarvoor prys te gee en hulle hele lewe daarvoor te leef.

Die waardevolste grond is koninkryksgrond. Hierdie is nie fisiese grond nie, maar die burgerskap wat gelowiges kry in Jesus Christus. Wanneer daardie burgerskap verkry word, dan raak alle ander burgerskap en dinge rondom irrelevant en die aanbidding van die Koning word die ware gelowige se eerste prioriteit.

Daarom moet dissipels waaksaam wees teen die subtiele sinkretismes wat ons skep. Hiermee word bedoel dat ons baie keer met een voet in die koninkryk en die ander voet in die wêreld wil leef, asof so 'n vermenging moontlik, of aanvaarbaar, is. Om burgers van die hemel te word, maak ons bywoners op aarde en is die koninkryk sal ons alles daarvoor prysgee.

**Lees ook:** Ps. 37:5 "*Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg*".

1 Kon. 8:61 "*Mag julle met volle oorgawe voor die Here ons God leef volgens sy voorskrifte en julle hou aan sy gebooie, so soos dit vandag is*."

2 Ti. 2:15 "*Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel as 'n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra, 'n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid suiwer verkondig*".

## b. Fondasie vaste dissipelskap

**26**

**Oktober**

**Skrifgedeelte:** Matt. 7:24 – 29

**Teksgedeelte:** Matt. 7:24

**Afdeling:** Koninkryksgelykenisse

Jesus leer vir ons in hierdie gedeelte hoe dissipels hulle vir die bouwerk aan die koninkryk posisioneer. Hy maak duidelik dat hulle sy woorde ter harte neem en gehoorsaam is, wat reg bou. Die nommer een reël en maatstaf vir ons werk in die koninkryk van Jesus Christus is om te luister na sy roeping en die opdragte daarbinne. Hy is inderdaad die Koning en onder sy heerskappy is ons gehoorsaam aan sy bevel.

Trouens, dit is wat Jesus ons ook leer sal gebeur in die lewe van enige Geesvervulde burger van sy koninkryk. Dit is mense wat sy woorde ter harte neem en hulle liefde vir God bewys deur hulle oorgawe aan sy wil en roeping vir hulle.

Om reg te bou aan en in die koninkryk van Jesus gaan in beginsel daaroor om in die verhouding waarvoor Hy ons vernuwe ons lewens in te rig volgens die grondslag van daardie verhouding: Die waarheid oor God en die waarheid oor ons in die Here. As dissipels oorgegee om saam te bou volgens sy instruksie.

**Lees ook:** Matt. 16:16 – 18 "*Simon Petrus het geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." "Gelukkig is jy, Simon Barjona," het Jesus vir hom gesê, "want dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie*".

Ps. 127:1 "*'n Pelgrimslied. Van Salomo. As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs*".

Joh. 14:23 "*Jesus antwoord hom: "As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon*".

## c. Die graansif van die lewe

**2**

**November**

**Skrifgedeelte:** Matt. 13:24 – 30

**Teksgedeelte:** Matt. 13:24

**Afdeling:** Koninkryksgelykenisse

Die woord wat in die Grieks gebruik word vir onkruid is die woord *zizanion* – dit is 'n onkruid wat byna onuitkenbaar was van koring. Eers wanneer die koring sy aar stoot kan mens die verskil sien tussen die onkruid en die koring. Dus was dit baie goed versteekte onkruid en verwys na dinge wat 'normaal/gewoon' lyk maar wat sleg is en nie daar hoort nie.

Om hierdie soort onkruid in iemand se koring land te saai was 'n manier vir vyande om iemand se lewensbron te vernietig, 'n soort van 'oorlewings-oorlog'. Hierdie beeld teken die Duiwel se pogings om die kerk/koninkryk van die Here binne te dring en te vernietig deur sy dinge so mooi te vermom en in te meng met God sin dat die blote oog sukkel om dit uit te ken.

Dit is maklik om hier die afleiding te maak dat die Duiwel se grootste pogings sal wees om sonde te normaliseer en dit in die mense van God se lewens te saai. Daarby saam ook die poging om die koring te laat vergeet wie dit is en wat die doel is. Ons moet met siwwe werk – siwwe word gebruik om graan skoon te sif en om seker te maak als wat sleg is daarvoor word verwyder. Dit gebeur in elke fase van die plant se lewe. Wat is die siwwe wat in elke faset en fase van ons lewens moet voorkom om die onkruid te verhoed om te groei en die goeie graan te verstik?

**Lees ook:** 1 Pet. 5:8 – 9 "*Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. 9Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur*".

2 Tim. 3:1 – 5 "*Dít moet jy weet: in die laaste dae sal daar swaar tye kom. 2Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig; 3hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie; 4hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. 5Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie. Bly weg van sulke mense af*".

Matt. 7:6 "*Moenie wat heilig is, vir die honde gooi nie: hulle sal omspring en julle verskeur; en moenie julle pêrels voor die varke gooi nie: hulle sal dit met hulle pote vertrap*."

## d. Gering in geloof, gementorde mentors!

**9**

**November**

**Skrifgedeelte:** Matt. 18:1 – 9

**Teksgedeelte:** Matt. 18:3

**Afdeling:** Koninkryksgelykenisse

Opreg, nederig, eenvoudig, totaal afhanklik van die Here in vertroue op sy volmaakte plan en elke tree agter Hom aan, lyk hierdie geloof soos die kindertjies waarvan die Here leer. Dit is in die kern van elke dissipel se lewe en werk om 'n onvoorwaardelike navolging van en vertroue in Jesus as die Koning te hê. Om verder daarbinne te leef met tevredenheid en gerustheid dat 'my Vader beskerm my, voorsien vir my en is by my', nou en vir altyd.

Dit is die soort geloof waarin gelowiges oorgegee moet leef. Wat ons dan verder hier sien is dat dit die soort geloof is wat dissipels moet modelleer. Om nie by kinders 'n kunsmatige religie te kweek nie, maar 'n verbondsmatige verhoudingsgerigte oorgee-navolging aan die Here in alles en orals waar ons kom.

Ons roeping as dissipels is om die Here Jesus op só 'n manier te volg dat daar nie voorbehoude is nie, maar oorgawe en dat almal rondom ons, veral die wie ons mentor, dit kan sien, daaruit leer en dit as voorbeeld kan volg.

**Lees ook:** Deut. 6:6 – 9 "*Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. 7Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. 8Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. 9Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte*".

Tit. 2:7 "*In alles moet jy self vir hulle 'n voorbeeld stel van goeie werk, suiwerheid in die leer, waardigheid in gedrag*".

Spr. 22:6 "*Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie*".

# 8. Die status van die Ryk

## a. Die koninkryksrede: 2025 in retrospek en hand na my uitgereik

**16**

**November**

**Skrifgedeelte:** 2 Pet. 3:1 – 18

**Teksgedeelte:** 2 Pet. 3:13 & 18

**Afdeling:** Die status van die Ryk

In Suid Afrika is die staatsrede is 'n jaarlikse geleentheid waar die president 'n toespraak lewer oor die toestand van die land. Hier word rapport gelewer oor vordering, mislukking en dan beplanning vir wat nog kom.

Sou ons so iets met die kerk moes doen is ek seker ons sou vandag kon getuig van baie vordering, maar ook mislukking en tekort. Daarom moet ons altyd retrospeksie doen oor wat ons met die jaar, elke maand, week en dag gemaak het. Dan met groot dankbaarheid kyk na die genade van groei, ook sien waar ons nog moet groei en dan ons moue oprol om met die krag van die Gees te werk vir daardie groei.

Hoe het ons elkeen se bediening die koninkryk vir die mense rondom ons duideliker gemaak hierdie jaar? Hierdie is 'n vraag wat ons diep moet bedink want die Here se hand is nou jou uitgereik om jou op te help as jy hierin gefaal het om jou te bekragtig met nuwe geleenthede. Sodat ons elke oomblik helder dink oor ons bediening en die strategie daarbinne, opgeskerp in ons toewyding in die heerskappy van God se wil leef.

Waar ons wel meegesleep was om nie op ons koninkryk roeping te fokus en daarin te leef nie, kan en moet ons toeneem in genade en kennis van die Here om so al meer die ligstrale van sy volmaakte ryk te laat deurbreek!

**Lees ook:** 2 Kor. 4:17 – 18 "*Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. 18Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig*".

Klaagl. 3:22 – 23 "*deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut. U trou is groot*".

Ef. 4:20 – 23 "*Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie. 21Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. 22Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. 23Julle gees en gedagtes moet nuut word*".

## b. Vernuwe afwagting in aangevuurde toewyding

**23**

**November**

**Skrifgedeelte:** Open. 22:6 – 21

**Teksgedeelte:** Open. 22:7 & 10

**Afdeling:** Die status van die Ryk

Soos die bruilofsdag vir 'n bruid en bruidegom elke dag nader kom, met groot afwagting op die beplande dag, soos daardie bruid gereed maak en seker maak alles kom in plek, só is die bruid van Christus ook. Die realiteit is dat ons elke dag, elke oomblik nader kom aan die bruilofsmaal van die Lam, die koms van die koninkryk van Jesus Christus in sy volmaaktheid. Hiervoor is ons opgewonde en sien ons uit, die volheid van God se teenwoordigheid is elke oomblik nader.

Dit wek ons ook op in ons roeping om met nuwe toewyding gereed te maak. Die Here Jesus se bruid is besig om vir die bruilofsmaal gereed te raak deur haar roeping hier op aarde. Hieraan moet ons toegewy wees in die uitleef van die Here se wil in ons lewe en die bediening daarvan aan die wêreld. So stuur ons Bruidegom ons, om gereed te raak.

Met dankbaarheid en afwagting sien ons uit, met toewyding en opgewondenheid werk ons nou want die taak is groot en die Bruidegom oppad!

**Lees ook:** Lees gerus die gelykenisse van Matt. 25 en ooreenkomstige gedeeltes.

## c. Begin van die begin af!

30 November

**Skrifgedeelte:** 1 Tim. 1:12 – 20 (2020 – vert.)

**Teksgedeelte:** 1 Tim. 1:15 & 17

**Afdeling:** Die status van die Ryk

Ons het hierdie jaar begin met die versekering dat die koninkryk van God aangebreek het in die koms van Jesus. Dat Jesus Homself gevestig het as die ewige Koning oor hemel en aarde wat heerskappy voer oor sy kerk en wat sy kerk roep om hierdie koninkryk te verteenwoordig.

Wanneer ons nou hierdie Kerstyd ingaan is hierdie waarheid, ons realiteit, dit is die waarheid van elkeen van ons se lewens, dít is wat in ons gedagtes, harte en verkondiging moet leef. Jesus Christus is gebore, sy Koninkryk gevestig, ek moet dit verteenwoordig deur Hom as my Koning te aanbid, sy koninkryk uitdra deur hierdie waarheid te getuig en gereed maak, want Hy kom weer. Dit is Kersfees en dit is waarop jy en jou kinders moet fokus!

Hy wat gekom het om sondaars te verlos, die dood te oorwin en aan wie álle mag gegee is, Hy die Koning van die eeue, moet in en deur my totale oorgawe aan God verheerlik word. Daarop fokus ek opnuut hierdie Kerstyd sodat ek ook opnuut binne hierdie nuwe identiteit van my kan lewe!

**Lees ook:**

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |